# Vet, bekend en die lewe saam met Pa

## Deirdre Barnard




RONÉL McKNIGHT

**Bibliotekaris, Piketberg Openbare Biblioteek**

### *Die skryfster*

Deirdre Barnard is die oudste dogter van dokter Chris Barnard, hartpionier van Suid-Afrika, en Louwtjie Barnard. 'n Jaar na haar is haar broer, André, gebore. Op 11-jarige ouderdom neem sy aan haar eerste internasionale waterski-kompetisie in Frankryk en Spanje deel. In 1967, haar laaste skooljaar, plant haar pa die eerste hart oor. Twee jaar daarna is haar ouers geskei. 'n Jaar na die egskeiding trou haar pa met Barbara Zoellner, wat dieselfde ouderdom as sy is.

In 1978 is Deirdre met Kobus Visser getroud. Uit die huwelik word twee kinders, Karin en Tiaan gebore. In 1975 het sy begin skoolhou en is steeds remediërende onderwyseres.

Haar pa is na 'n huwelik van 13 jaar van Barbara geskei. Uit dié huwelik is twee seuns, Christiaan en Frederick gebore.

Deirdre se enigste broer is in 1984 op 33-jarige ouderdom oorlede. In 1988 trou haar pa met Karin Setzkorn en Armin en Lara word gebore. Na 'n huwelik van 12 jaar is hy ook van haar geskei.

Haar pa, Chris Barnard, sterf op 2 September 2001 op die eiland Siprus, waar hy met vakansie was, aan 'n asma-aanval.

### *Die storie*

Deirdre begin deur te sê dat sommige mense na psigiaters gaan om sekere dinge in hulle lewens te verwerk. Sy het gevoel dis beter om alles self op swart en wit te orden, te liasseer en vorentoe te kyk. So kan mense nie dinge na haar dood sê wat nie waar is nie.

Sy beskou haar lewe sover as glad nie sleg nie. Sy het goeie tye gehad en ook 'n paar lesse geleer. Sy noem dit 'n boek oor hoe haar lewe 'gebeur' het. Haar stryd teen vet; die invloed van egskeiding op haar lewe; ouerskap; liefde en verlies.

Deirdre onthou haar kinderjare as gelukkig en sorgvry. Vakansies op Knysna was familietyd. Met haar pa weg van die hospitaal kon hulle aanspraak maak op sy volle aandag. Van haar ouers se dae saam onthou sy dat hulle nie baie geld gehad het nie, maar dat hulle die wonderlikste vakansies gehad het - vol pret.

Tydens so 'n vakansie op Knysna het sy waterski ontdek en talent getoon. Sy sê egter as sy toe geweet het wat sy nou weet, sy liewer op droë grond sou gebly het. Haar hele lewe wat, tot op daardie stadium, baie ordinêr was, het radikaal verander. Hulle het Zeekoevlei toe getrek om die oefenry te vergemaklik. Haar pa was haar afrigter en ongenaakbaar daarby. Soggens vroeg, winter en somer, moes sy in die water om te oefen. Haar pa het dan ook by geleentheid gesê dat die helfte van die water in die vlei haar trane was! Sy moes 'n baie streng gedissiplineerde lewenstyl, wat oefen en eet betref, handhaaf.

Hoewel sy haar Springbokkleure verwerf het en ook oorsee deelgeneem het, het haar pa gesê sy sal nooit wêreldkampioen word nie, want sy is 'n te goeie verloorder. Dié uitspraak het haar egter nie gepla nie. Vir haar was dit goed genoeg om haar bes te doen en dit te geniet. In 'n onderhoud met Sir Roy Caine het haar pa erken dat hy moes ophou om sy dogter se prestasies te gebruik om sy eie ambisies te bevredig.

Chris Barnard was 'n man wat daarna gesmag het om bo uit te kom - en hy wou dit ook op sy dogter oordra. Vir Deirdre was dit belangrik om die beste te wees - maar die beste vrou, ma en dogter.

Nadat haar pa die eerste hart oorgeplant het, het sy tyd vir afrigting minder geword en haar waterski-loopbaan het op 'n end gekom.

Die eerste hoofstuk in die boek noem sy *Die vet faktor*. Sy sê dat sy besluit het om die boek daarmee te begin, omdat dit so baie mense pla. Dat dit ook in haar lewe 'n 'ding' was, kom 'n mens agter uit die feit dat sy vet, maer en weer vet was. Sy beskryf op

⇨

'n humoristiese wyse hoe sy vir foto's poseer het om tog net maerder te lyk; die Mej Viets-kompetisie waarvoor sy ook gewig verloor het omdat sy 'n bootreis wou wen (en toe weer net so vet van die boot afgeklim het van al die lekker kuier!); en al die ongesonde maniere van vinnig gewig verloor.

Haar pa en ma het haar gewigsprobleem verskillend hanteer. Haar pa het geglo dat sy 'n gekontroleerde eetprogram moes volg en het haar dadelik by die Groote Schuur Hospitaal op so program laat sit. Hy het haar geen keuse gelaat nie, en sy het gegaan, maar haar 'attitude' saamgeneem. In hierdie geval was haar 'attitude' egter haar vyand en sy het gou besef dat mense dan geen simpatie met jou het nie. In die hospitaal was sy egter tuis en het baie mense geken. Hoewel sy dankbaar was dat haar pa haar wou help, het sy ook besluit dat sy hom nie sy sin gaan gee nie en haar oorgegee aan lekkernye. Haar pa, met al sy geleerdheid en toekennings, het nie rekening gehou met die sjokolade-slotmasjien in die voorportaal van die hospitaal nie! Baie het haar ook jammer gekry oor haar 'hardvogtige' pa wat haar wou maer kry en al die lekkernye, wat hulle by pasiënte gekry het, vir haar aangedra. Hier het dit dus met haar beter gegaan as by die huis waar haar ma al haar skelmstreke geken het. Talle ander pogings om gewig te verloor, het ook misluk.

Sy erken dat haar ouers se egskeiding tot haar eetsteurnis bygedra het, asook die feit dat toe sy ophou ski het, sy bevry gevoel het van die geweldige gedissiplineerde lewenstyl, en sy net kon eet wat sy wou. Deirdre besef egter dat haar ouers se pogings nie was om haar te straf nie, maar om te help. Vandag weet sy dat jou eie kop eers reg moet wees voor jy kan begin gewig verloor.

Kollig was nie vir haar familie nie. Sy kom uit 'n huis waar beklemtoon is dat 'n mens iets 'sinvols' met jou lewe moet doen. Haar ma se mense was hardwerkende boeremense uit Namibië en haar pa s'n sendelinge op Beaufort-Wes. Streng Calvinisties.

Niemand het verwag dat haar pa beroemd sou raak nie - hyself beslis ook nie. Dit was dus 'n nuwe wending in hulle almal se lewens waaraan hulle gewoond moes raak. Sy was soms verstom oor die vrae wat hulle moes beantwoord, maar haar ma het altyd gesê dat hulle hoflik en vriendelik moes wees en alle vrae so eerlik moontlik moes beantwoord.

Sy moes baie vrae beantwoord oor haar pa en 'sy vrouens'; haar pa en 'sy vriende'; haar pa en sy rol in haar gewigsprobleem. Sy het altyd probeer om hoflik en hulpvaardig te wees en het gou besef dat haar pa se voorbladstatus vir altyd deel van haar lewe sou wees en nie noodwendig aangenaam nie.

Alles wat haar pa gedoen het, het die pers geïnteresseer - hy het later geen privaatheid meer gehad nie. Sy verwys na joernaliste as 'sluipjagters' wat geen gevoel het vir mense se gevoelens nie. Een van die stories waaroor joernaliste graag geskryf het, was haar pa se geleidelike verlies aan sy veelbesproke 'good looks' van sy jonger dae. Volgens haar het die media 'n perverse belangstelling in iemand wat eers mooi was en dit dan verloor.

Die feit dat haar pa se jeugdige voorkoms vir hom baie belangrik was en hy teen veroudering geveg het, maar soos ander mense oud geword en sy kragte begin afneem het, het hom kwesbaar en ietwat blootgestel gelaat. Dit het haar baie beskermend teenoor hom laat voel.

Die identifisering van gewrigsrumatiek het hom verpletter. As dokter het hy die implikasies daarvan vir sy beroep besef. Hy was egter gelukkig omdat dié soort rumatiek hom nie uitgeteer in 'n rolstoel sou laat nie. Hierdie diagnose het hom hoop gegee. Iets wat hy hierna ook graag vir sy pasiënte wou gee - hoop. Hy het dit ook deel van sy uitkyk op die lewe gemaak en vir sy kinders nagelaat: dit maak nie saak hoe sleg dit gaan nie, daar is altyd die moontlikheid dat dit beter kan word. 'n Mens moet nooit afsien van hoop nie.

Behalwe vir die artritis is haar pa ook later gepla deur asma; hy het 'n heupvervanging gehad en kanker aan sy neus. Met die neusoperasie was dit soos 'n gesigsontrimpeling (face lift) wat hy gehad het, maar wat ook die vorm van sy gesig verander het. Hy het soms spottenderwys gesê dat hy die enigste persoon is, wat hy ken, wat soggens ook sy ore (wat nie een van sy beste bates was nie!) moes skeer omdat dit so na aan sy wange was.

In die **Saturday Argus** van 25/26 Augustus 2001, het 'n joernalis 'n artikel geskryf waarin hy Chris Barnard se voorkoms as 'afgryslik' beskryf het. Dit was die laaste artikel in 'n Suid-Afrikaanse publikasie wat van haar pa melding gemaak het voor sy dood. Vir Deirdre was dit niks anders as moedswillige en selfsugtige wreedheid nie.

Daar is graag foto's van haar pa saam met mooi vroue geplaas en baie bespiegel daaroor. Sy het onlangs afgekom op 'n foto wat van haar pa en oud-president Mandela verskyn. Twee ou manne wat lyk of hulle mekaar moet regop hou! Maar niemand het ooit gebel om te vra wat die storie agter dié foto was nie.

Die media se belangstelling in haar pa gaan selfs ná sy dood nog voort. Daar is steeds vrae wat hulle nooit gevra het nie. Biografieë wat geheime moet uitblaker wat dalk voorheen gemis is. Wat vir haar die hartseerste is, is dat daar niks, geen briewe, dagboeke, stories of foto's is, wat bymekaar gesit kan word om weer die mens te skep wat so uniek, energiek en anders soos haar pa was nie.

Hoe het die berigte in die media hulle gesin geraak? Natuurlik het dit hulle geweldig gepla, maar wat kon hulle daaraan doen? Sy het 'n psigiater gaan sien om oor alles te praat: die egskeiding, haar ouers, alles wat in die media geskryf word - private familiesake wat in die openbaar bespreek is - verwronge berigte oor die mense wat jy die liefste het, wat jou heeltemal weerloos laat.

Haar pa het soms na hulle familie verwys as 'The Full Catastrophe'. Niemand sou hulle aan haar familie gesteur het as dit nie vir die vierletterwoord ROEM was nie.

Mense wou by haar weet of sy in haar boek iets gaan skryf oor die beroemde vroue wat haar pa geken het. Sy het bloot gedink dit is nie haar besigheid nie - so waarom daaroor skryf? Al daardie deftige vroue is vandag in elk geval almal oud; party dalk al dood; het 'n gesigsontrimpeling gehad; dra groot donkerbrille sodat hulle nie herken kan word nie of kom glad nie meer in die openbaar nie. Maar, sê sy, dis hoe dit gaan met aantreklikheid. Dit is hoe dit gaan met roem. Daar is niks behalwe om te sê dat niemand vir ewig jonk en mooi bly nie. Sy hoop hulle het plesier uit die lewe geput toe hulle nog kon, en dat hulle dink dat dit die moeite werd was.

Haar pa het vertel dat Sophia Loren 'n lewensleuse gehad het wat haar laat dink het dat sy 'n verstandige vrou was wat die lewe op die regte manier aanpak. Nadat daar eenkeer by haar hotelkamer ingebreek is en sy tussen haar kinders en juwele moes kies, het sy die juwele laat gaan en gesê: 'Moet nooit oor dinge huil wat nie oor jou kan huil nie.' (Sy hoop egter vir Sophia se onthalwe dat sy darem al daardie goed 'wat nie die moeite werd is om oor te huil nie', verseker het!) Dit is vir haar maklik om met Sophia Loren saam te stem, sy is nooit met aardse besittings oorlaai nie, mense is vir haar belangriker as goeters.

Omdat die Barnard-familie baie afgeneem is, sou dit moeilik wees om oor hulle te praat sonder om te sê hoe hulle lyk. Sy gee toe dat haar pa miskien ydel was, maar as

sy na foto's van hom kyk as jong man, besef sy dat hy wel 'iets' gehad het. Beroemdes se voorkoms is vir die media belangrik, veral as hulle eens mooi mense was. 'n Foto van die eens pragtige Brigitte Bardot, vol plooie, rooi gebrand van die son en deurtrek van artritis, sou mense net sê: 'Is dit nie 'n sonde nie? Sy was dan altyd so mooi.' Dit is hartseer maar waar - dis soos die lewe is. Haar dogter, Karen en halfbroer Christiaan het almal modelwerk gedoen. Vir haar pa was dit goed as byverdienste, maar nie as manier waarop jy jou geld moet verdien nie.

Haar pa was bekend vir sy swak vir mooi vroue. Barbara was 'n baie mooi vrou. Die beroemde fotograaf, Patrick Litchfield, het haar beskou as een van die mooiste vroue in die wêreld. Waar sy gegaan het, het die koppe gedraai. Sy het 'n stille ellegansie aan haar gehad.

Hoewel haar pa ydel was oor sy voorkoms, is daar een ding waaroor hy glad nie ydel was nie - sy voete. Die eerste keer dat sy en haar pa die Zoellners, Barbara se familie, voor hulle troue gaan ontmoet het, was by die Zoellners se deftige huis in Johannesburg. Vir die eerste keer het sy besef dat haar pa, toe hy hulle huis in Zeekoevlei verlaat het, nie net na 'n ander plek verhuis het nie, maar na 'n ander wêreld - 'n wêreld waarvan sy nooit geweet het nie.

Na haar pa en Barbara se troue het sy 'n rok gedra wat deur haar ma gemaak is. Hoewel Barbara vir haar 'n rok as geskenk wou gee, het die eksklusiewe winkel, waarvan die klere uit Europa was, nie haar (groot) nommer gehad nie. Die Zoellners was egter baie gawe mense wat vir haar en haar pa welkom laat voel het. Sy en haar pa het ook hulle bes gedoen om 'n goeie indruk te maak en te wys dat hulle weet hoe om hulle te gedra!

Toe iemand voorstel dat hulle gaan swem, het Deirdre geweet hier kom moeilikheid. Haar pa was baie selfbewus oor sy lelike voete. Toe haar pa uiteindelik sy verskyning maak, was sy tone met verbande toegedraai! Aan 'n ontstelde Barbara het hy verduidelik dat 'n branderplank op sy voete geval het (iets wat sy nie glo hy al ooit op daardie stadium gesien het nie!).

Haar ma was baie bekommerd oor materialisme en die wêreld waaraan Deirdre nou bekendgestel is en het dit as haar plig beskou om te keer dat die wêreld haar insluk.

Vir haar pa was sy egskeidings elke keer 'n traumatiese ervaring. Die nuus is elke keer deur iemand anders aan hom oorgedra. Na elke egskeiding was hy weer waar hy begin het, met net 'n paar bokse waarin sy besittings gepak was. Hy was elke keer baie hartseer en sy het hom jammer gekry.

Die Chris Barnard wat sy verkies het, was die Chris Barnard wat 'moments of magic' kon skep ten spyte daarvan dat baie mense hom as sarkasties, egosentries en verwaand beskou het. Oor homself het hy gesê dat al drie sy vroue dieselfde opinie oor hom gehad het, naamlik, dat hy 'n buierige, selfsugtige, irriterende perfeksionis is. Hy is nooit verkeerd nie en nederigheid is nie sy sterkste eienskap nie. Maar behalwe vir dit alles, is hy eintlike 'n gawe ou! By haar pa het sy geleer van dryfkrag en dat apartheid verkeerd was. Hy was baie gesteld op die beste behandeling vir sy pasiënte deur die beste verpleegpersoneel, maak nie saak watter ras hulle was nie.

Chris Barnard is op 2 September 2001 in Paphos, Siprus oorlede. Hy was eintlik op 'n werksvakansie in Israel om self te sien wat die impak van die nuutste tegnologie op mediese navorsing was. Deirdre het haar pa die laaste keer op die lughawe gaan afsien. In die vertreksaal het sy hom gesien as 'n lewensmoeë, eensame man, gebukkend oor sy trollie met 'n skuifelstappie asof elke tree vir hom 'n pyniging was.

Die dag toe haar selfoon lui met die tyding van haar pa se dood, het daar 'n einde gekom aan haar lewe tot dusver. Daarna sou niks weer dieselfde wees nie. AVBOB het aangebied om die begrafnis gratis reël as blyk van waardering aan Chris Barnard. Haar pa se oorskot is na Suid-Afrika gebring in 'n eenvoudige houtkis. Hy sou daarvan gehou het. Ten spyte van alles wat oor hom geskryf is, het hy homself as 'n doodgewone man beskou. Hy het altyd daarna uitgesien om terug te kom huis toe. Dit was altyd vir hom die heel beste ding. Die lykswa wat die kis op die lughawe gaan haal het, was wit. Dit was vir Deirdre goed so, want daar was nooit iets donkers omtrent haar pa nie. Hy het daarvan gehou dat dinge vrolik, lig en vol energie moes wees.

Op die televisieprogram **People of the South**, wat kort voor sy dood uitgesaai is, het haar pa die volgende wens uitgespreek oor sy begrafnis: 'Ek sou graag 'n Karooklip wil hê wat opgetel is in die veld waar ek as kind geloop het. Dit moet dan in die tuin van ons huis in Beaufort-Wes, waar ek grootgeword het, neergesit word. Op die klip moet 'n plaatjie wees waarop daar staan: "Ek het teruggekom huis toe".'

Dit is dan ook hoe dit gedoen is. Haar pa was 'n Afrikaner en Afrikaans was sy moedertaal. Hy het graag uit gedigte aangehaal en daarom sluit sy die boek, wat sy opdra aan haar pa, broer André en Barbara, af met 'n aanhaling van Boerneef:

'Mits dese wil ons vir jou sê
hoe diep ons liefde vir jou lê.'

### *Kommentaar*

Volgens 'n resensie deur Elsabé Brits in **Die Burger** van 29 Desember 2003 sou dit 'n kompliment wees as dié boek as middelmatig of louwarm beskou word. Die taalgebruik laat veel te wense oor en wemel van anglisismes, grammatikale foute en koeterwaals. Die sinne is lomp, te lank en vervelig en gebeure word oor en oor herhaal. Die boek het ook 'n gebrek aan vaste struktuur. Verder beskou sy dit as 'n haat-ode aan die media.

Dat die boek geen letterkundige werk is nie, is sekerlik 'n feit. En ontleed soos Elsabé Brits dit gedoen het, gaan ons seker by dieselfde gevolgtrekking bring. Maar dan wil ek byvoeg, indien die boek nie gelees word om as letterkundige werk beoordeel te word nie, maar vir genot, dien dit tog sy doel. Soos dokter Susan Vosloo in die *Voorwoord* sê, die boek word juis geniet omdat Deirdre die goeie en slegte tye met 'n genotvolle sin vir humor kon benader. Interessante feite rondom Chris Barnard, die mens, word geopenbaar en 'n mens kan nie anders as om uit haar oogpunt gesien, simpatie met families wat in die openbaar lewe, te hê nie. 'n Mens kom tot die besef watter geweldige rol die media wat op 'n onsimpatieke manier verslag doen, tot die vernietiging van mense se lewens kan bydra. Daar is genoeg stof tot nadenke en ja, dit is lekker om dinge oor die 'glamourous' mense te lees wat ons nooit geweet het nie.

In die **Landbouweekblad** van 1 April 2005 skryf Albé Grobbelaar in die rubriek, *Vir die gesin*, oor 'nobelwenners en die rustelose rooikop'. Lees, volgens hom, is 'n aktiwiteit wat 'n mens nie sommer ligtelik kan aanpak nie. Voordat jy 'n boek optel, moet jy baie mooi dink of dít waarmee jy nou gaan besig hou, jou tyd en aandag werd is. So het hy die een Nobelpryswenner op sy boekrak ná die ander probeer en kon die stryd met die diepgewortelde filosofie en hogere Engels nie wen nie. Tot hy op die dun rooi slapbandboekie met die titel **The case of the restless redhead** afkom. En dit is net daar wat hy besef: te hel met Nobel. Die lewe is net té kort. Daar kom 'n tyd dat dit beter is om Nadine Gordimer te los en met iemand soos die rustelose rooikop bed toe te gaan…

Ek wil heelhartig met hom saamstem. 'n Boek hoef nie 'n letterkundige werk te wees om genotvolle leesstof te wees nie.